



WAT IS DIE TWEE POTTE?

Die regering verander nou die aftreefondsreëls om seker te maak jou geld word bewaar totdat jy aftree. Jy sal egter 'n geleentheid kry om voor jou aftrede 'n deel daarvan te onttrek in geval van nood.

HOEKOM HET ONS DIE STELSEL NODIG EN HOE SAL DIT WERK?

Vanaf 1 September 2024 sal bydraes tot aftreefondse in twee potte (komponente) verdeel word: Een derde sal na 'n Spaarpot gaan en twee derdes na 'n Aftreepot.

JOU AFTREESPAARGELD



GEVESTIGDE POT

Jou bestaande aftreespaargeld wat tot 1 September 2024 opgebou is, sal aan die Gevestigde Pot toegeken word en aan die bestaande reëls onderhewig wees. Geen verdere premies sal in hierdie pot belê word nie.



Indien jy lid is van 'n beroepsfonds, sal die huidige reëls vir onttrekking nog steeds op hierdie bedrag van toepassing wees.

AFTREEPOT

Vanaf 1 September 2024 sal twee derdes van toekomstige bydraes na die Aftreepot gaan.



Die geld in jou Aftreepot sal eers beskikbaar wees wanneer jy aftree.



Die Aftreepot sal gebruik word om jou by aftrede van 'n inkomste te voorsien.

SPAARPOT

Vanaf 1 September 2024 sal een derde van toekomstige bydraes na die Spaarpot gaan.



Op 1 September 2024 sal 10% van jou bestaande aftreespaargeld (maksimum R30 000) na jou Spaarpot oorgedra word as 'n beginsaldo.



Jy kan een keer per belastingjaar kontant uit jou Spaarpot trek.



Indien jy geld uit jou Spaarpot trek, sal jy 'n transaksiefooi betaal, asook belasting teen jou marginale koers.



Die minimum onttrekking is R2 000.



Moenie in die versoeking kom om geld uit jou Spaarpot te onttrek nie – dit sal jou beskikbare geld by aftrede verminder.



Wat jy nie uit jou Spaarpot onttrek nie, sal as 'n enkelbedrag beskikbaar wees wanneer jy aftree.

Vir meer inligting oor die nuwe Tweepot-aftreestelsel, besoek ons webwerf om meer uit te vind, of gesels met jou finansiële adviseur.

TW-POT
RETIREMENT SYSTEM

Old Mutual Lewensversekeringsmaatskappy (SA) Beperk is 'n gelisensieerde FDV en lewensversekeraar.